
# «VISIE 7000»

## Globale Inligting



**Ewald Frank**

# DIE BYBELSE TYDS-INDELING




## "… van ewigheid tot ewigheid is U God!" (Ps. 90:2)

So spreek die Here: "… wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat My behaag, sal Ek doen." (Jes. 46:10)

# <<VISIE 7000>>
# Globale Inligting

BYBELSE PROFESIE
HET DIE LAASTE SÊ

VOORSPELDE GEBEURE
WORD REALITEIT

GOD SE WEG NA ONS
IS ONSE WEG NA GOD

**Deur Sendeling Ewald Frank**

© deur die outeer en uitgewer, E. Frank

Eerste uitgawe was voor 2003 (Duits)

Geagte Lesers, Dames en Here,

U nodig net 'n paar minute van u kosbare tyd om hierdie kort uiteensetting te lees. Ons leef regtig in 'n baie opwindende tydperk. Daagliks hoor ons van spesiale geleenthede. Wat vroeër vanuit 'n eeu berig was, word vandag daagliks weergee. Natuurrampe, hongersnood, oorlog, armoede, stam-gevegte, etniese ‘suiwerings’ en slagtings, godsdiens-gemotiveerde terrorisme en allerlei kriminele misdade word wêreldwyd berig. In 'n spesifieke land woed daar, op dieselfde tyd, op die weskus 'n honderde vierkante kilometer bosbrand en aan die ooskus 'n stormvloed met vernietigende gevolge. Niks is soos dit voorheen was nie. Veral sedert 11 September 2001, met die aanval op die World Trade Center in New York en op die Pentagon in Washington, sê dit alles. Vir al die politieke, ekonomiese, godsdienstige en sosiale probleme is daar geen nasionale óf internasionale oplossings in sig nie.

Ons sal kortliks hierin die huidige gebeurtenisse bespreek in die lig van bybelse profesie. Met spoed nader ons die einde van die genadetyd. Dit was omtrent 6000 jaar gelede toe die eerste mense die lig van die dag gesien het. Daar was rofweg 2000 jaar vanaf Adam tot Abraham en vanaf Abraham tot Christus ook 2000 jaar en sedert die begin van ons Christelike era ‘n verdere 2000 jaar. Met reg kan ons vra of ons na dié millennium ook 'n keerpunt in die geskiedenis van die mensdom bereik het.

Die spekulasie neem toe met die oorgang na die nuwe millennium. Kenners sê openlik dat die verwagtinge somber is, veral met betrekking tot die Midde-Ooste. Ja, daar is selfs diegene,

soos ‘n lid van die kongres van die Verenigde State van Amerika, wat hardop gevra het of ons die *eerste geslag* sal wees wat *die laaste* van die huidige beskawing is.

Daar word nou oral gepraat van die "Eskatologie" en van die "Apokaliptiese Vuursee" wat binnekort verwag word om oor die hele aarde te kom. Dit is duidelik dat die hele wêreld skielik wakker geword het en bekommerd is oor dit wat in die nabye toekoms sal gebeur. Is ons in hierdie, so baie belangrike kwessie, op heldersieners of ‘waarsêers’ aangewese? Moet ons Nostradamus en ander self-erkende profete vir advies nader? Miskien selfs filosowe of astroloë opsoek? Of moet ons eintlik bindende antwoorde op hierdie vrae in die Bybel soek? Ja, sekerlik, want daar is geskrywe: *“... en ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op ‘n lamp wat in ‘n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte”* (2Pet. 1:19).

‘n Tydige en God-gegewe bron van openbaring is nodig en moet verwelkom word deur elkeen wat eerlik en opreg wil weet. Die alwetende God kon aan die begin van tyd dit laat neerskryf wat tot aan die einde sou gebeur. Mense skryf oor dit wat alreeds geskied het. God het die verloop van die hele geskiedenis en die daaruitvloeiende *Heilsgeskiedenis,* tot met die vestiging van die nuwe hemel en die nuwe aarde, wanneer die tyd terug in die ewigheid vloei, vasgelê en dit vooruit laat neerskryf. Die tydsberekening is vas en onomkeerbaar.

In "Visie 7000" is dit veral belangrik om uit te wys dit wat onvermydelik na ons toe kom en sal

gebeur in die nabye toekoms, maar belangriker, om ook die enigste manier van ontsnapping uit te wys, *"... want soos 'n strik sal hy kom oor almal wat op die hele aarde woon"* (Luk. 21: 34-36). Wat huidige verwikkelinge betref, is daar inderdaad duidelike riglyne wat die "tekens van die tyd" in die lig van die Heilige Skrif voorspel, want so is dit geskryf: *"So weet julle ook, wan-wanneer julle ál hierdie dinge sien, dat dit naby is, voor die deur"* (Matt. 24:33). Alhoewel daar niks beklemmend wêreldwyd gebeur het sedert 2000 vC, direk uit die hemel nie, en die mense daardeur sukkel om te glo dat God weer gaan ingryp, gaan dit nog steeds gebeur, want dit is vooruit gespreek in die Woord van God.

Die buitengewone gebeure regoor die wêreld, veral in Europa sedert die vreedsame verandering in Oktober - November 1989 hou verband met vooruitgespreekte bybelse profesieë. 'n "Verenigde Europa" het voor ons oë tot stand gekom, soos dit alreeds in Maart 1957 in die "Verdrag van Rome" vasgelê is. Historiese vyande het vriende geword. Die kontras tussen Oos en Wes is gekanselleer. Die partisie wat Duitsland en die hele Europese vasteland middeldeur geskeer het, bestaan nie meer nie. Die resultaat is 'n "Geheel-Europese Huis", waarin daar plek vir almal is – 'n "Verenigde Europa". Sedert 1 Januarie 2002 kan tot meer as 300 miljoen mense in twaalf lande met die Euro geld-eenheid betaal. Dit is die belangrikste fase van die hele Europese Unie.

Die "Romeinse Ryk" – die laaste van die vier koninkryke, soos voorsien word deur die profeet Daniël (Hfst. 2&7) – styg uit voor ons oë. Dit is ooreenstemmend met die bybels-aangekon-

digde dierlike "krag" wat vanuit die see van Eu-Europese nasies uitstyg. Die "Europese Unie" is met ‘n drieledige vereniging van ekonomiese, politieke en godsdienstige mag, die nommer 1 wêreldmag. Dit gaan nie net oor die politieke en ekonomiese nie, maar hoofsaaklik oor die godsdienstige wêreldmag wat die leisels in die hande hou en die gebeure aanvoer. Die geeste-geestelike "wêreldgesag" word voorgestel deur die pous en moet gerespekteer en erken word deur alle godsdienstige en politieke leiers.

Soos die hele wêreld gesien het hoe een van die twee supermoondhede in 1989-1990 opgebreek het, is die tweede, die VSA, wat sedert 11 September 2001 veral bekend was vir die oorlog teen terreur, besig om sy globale invloed meer en meer te verloor. Die "wêreld ekonomiese orde" en "globalisering" word nou hoofsaaklik ontwerp vanuit Europa. Die laaste van die vier wêreldryke, die "Romeinse Ryk", wat reeds sedert die jaar 30 vC bestaan, moet volgens bybelprofesieë aan die einde weer wêreldoorheersing uitoefen, want dit is geskryf: *“Die vierde koninkryk sal op die aarde wees, wat verskil van al die ander koninkryke en die hele aarde sal verslind en dit sal vertrap en dit verbrysel”* (Dan. 7:23).

In die profetiese woord van die Ou en Nuwe Testamente word die huidige verwikkelinge voorspel, selfs die vredesproses wat nou plaasvind. Die apostel Paulus het byna tweeduisend jaar gelede neergeskryf dit wat ‘n werklikheid voor ons oë nou is: *”Want julle weet self baie goed dat die dag van die HERE kom net soos 'n dief in die nag. Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid — dan oorval ‘n skielike verderf hulle soos die barensnood van 'n*

*swanger vrou, en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie"* (1Thess. 5: 2-3). Die sleutel woord is "Vrede", gekoppel aan "Veiligheid". Net soos op 27 Oktober 1986, het die Pous op 24 Januarie 2002, verteenwoordigers van die twaalf meesbelangrikste wêreldgodsdienste gelei in 'n vredesprosessie in die Italiaanse stad van Assi-Assisi. Die erkenning dat godsdienste die blaam dra vir oorloë in die verlede, het nou gelei tot die verklaring dat alle godsdienste hulself verbind teen oorlog en terreur, om vrede en geregtigheid op aarde te betree.

Sedert Mikhail Gorbatjov aan bewind gekom het in 1985, het die 'Koue Oorlog' tot 'n einde gekom, en het daar een vrede- en sekuriteits-konferensie na die ander plaasgevind. Die verskeie 'Summits' het gelei tot 'Détente' tussen Oos en Wes, met veral die Duitse hereniging en die onafhanklikheid van al die Oos-Europese lande – wat voorheen onder Sowjet-heerskappy was – tot gevolg. Selfs politici is nou bekommerd oor hierdie voorspelde "vrede" en die allesomvattende "sekuriteit". Hierdie terme word al hoe meer algemeen in algehele verband en veral met die gebeure in die Midde-Ooste gebruik. Israel word toenemend 'n fokuspunt van die wêreld en daarmee saam Jerusalem, die stad van God wat "'n baie swaar klip vir al die volke" van die aarde gemaak is, soos voorspel in Sagaria 12.

Na die nuus oor Bin Laden en oor Mullah Omar, oor Tora Bora, oor Afghanistan en oor Al Khai-Khaida vervaag het, kyk ons na die oplossing van die "hoof probleem". Soos in die profetiese woord aangekondig sal 'n vrede in die streek verklaar word. Ongelukkig is dit net een van baie kompromieë, onderhandel deur politici van

die hoogste godsdienstige gesag, wat net ‘n "valse vrede" sal wees. Soos geskrywe is, sal ‘n skielike verderf die mensdom oorval. Die tyd het nou baie naby gekom, daarom nodig ons nou duidelikheid van bo.

## SELF-GEMAAKTE TRADISIES

Elke persoon is inderdaad in 'n sekere sekulêre of godsdiens-tradisie of geloofsrigting gebore, waarvan die meeste daarin bly tot hul dood, sonder om te dink daaroor of om hulself te oortuig van die korrektheid, aldan nie, daarvan. Hulle ken glad nie die enigste geldige maatstaf, die absoluut, die Woord van God nie. Vir hulle gaan dit net daarom: om goed te doen is om aan die geërfde tradisies getrou te bly. Baie is oortuig dat wanneer hulle hul tradisionele godsdienstige pligte doen, hulle in rus en vrede gelaat word deur God. Maar meer en meer mense word daarvan oortuig dat hulle in die politiek en in die godsdiens, met of sonder God, net mislei en bedrieg word. Die rede vir hierdie houding en ontwikkeling lê veral in die godsdienste self. Die indruk word gegee dat die leiers van die onderskeie godsdienste hulle die regte pad sal aanwys. Van geboorte tot die dood, word mense orals voorsien van godsdienstige rituele en seremonies sonder om ooit die boodskap van verlossing te hoor, of persoonlike heil te ervaar en daardeur innerlike vrede met God te vind.

Die Christelike denominasies met hulle georganiseerde strukturele vorme is geen uitsondering nie. Hulle het 'n buitenste voorkoms van godsaligheid, maar moet nou op die proef gestel word, want die oomblik van waarheid het aangebreek. Die blote beroeping op Christus,

die apostels, of die Bybel, bevoordeel niemand nie. Georganiseerde- en onafhanklike kerke, selfs tot op die kleinste geloofs-groepe, gebruik die geskrifte om in te pas by hul eie konsepte. Die hele lot word dan "Eenheid in Verskeidenheid" genoem. Eintlik het die tradisionele Christenskap van vandag, by nadere ondersoek, absoluut niks met die vroeë Gemeente in gemeen nie. Soos oor die algemeen geglo word, gaan die Rooms-Katolieke Kerk nie terug na Christus of Petrus nie, maar het eers vanaf Konstantyn by die Raad van Nicea, 325 nC ontstaan. Uit die "Romeinse Ryk" het die hierargiese organisasie en imperiale kerk na vore gekom. In die eerste eeue het dit gegaan sonder pouse en amptelike kerk-formaliteite. In 380 nC het die Romeinse keisers Theodosius en Gratian ‘n einde gemaak aan algemene vryheid van godsdiens. ‘n Jaar later is die Christendom tot staatsgodsdiens verklaar, wat vir alle burgers van die Romeinse Ryk bindend was. Hierdie proses is voltooi deur Keiser Justinianus (527-565 nC), wat die priesters staatsamptenare gemaak het.

Die kerkvaders het die Bybel heel anders geïnterpreteer en tot vandag toe word dit gedoen. In plaas van die goddelik-openbaarde Woord, wat in die vroeë Christendom as die goddelike maatstaf gegeld het, is daar oor en oor nuwe menslike leerstellings, interpretasies, insettinge en dogmas neergelê, wat geen bybelse grondslag het nie. Is dit nie so nie, dat al hulle eie godsdienstige handelinge onder die skyn is dat dit die koninkryk is wat God opgerig het? Ten spyte van alles bly dit staan dat Christus Sy eie Gemeente bou en ook sal voltooi. God het 'n plan met die mensdom wat Hy besig is

om uit te voer. Om dit te verstaan, moet ons ontslae raak van alle tradisionele sienings en terugkeer na die oorspronklike bron, naamlik die Woord van God. God vereis nie van 'n mens 'n blinde geloof nie. Die ware geloof het twee gesonde geestelike oë en twee stabiele geestelike voete. Dit staan op die onfeilbare fondasie van die Ou en Nuwe Testament en sien die Raad van God met die mensdom van die begin tot aan die einde.

## DIE WEDERKOMS VAN CHRISTUS

God, die Skepper, het 'n plan met die skepping en as Verlosser, 'n plan met die verlostes. Wie glo in die bestaan van 'n persoonlike God, is oortuig dat niks toevallig is nie. So sê die HERE: *"Ek is God … wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan en al wat My behaag, sal Ek doen"* (Jes. 46: 9-10). *"Want Hy volbring 'n saak, en verkort dit in geregtigheid, omdat die HERE 'n saak wat verkort is, op die aarde sal doen"* (Rom. 9:28).

Diegene wat vertroud is met die Skrif, weet dat die aankondiging van die Verlosser in die Ou Testament reeds, sedert die Tuin van Eden (Gen. 3:15), die hoop van God se mense was. Net so, is die wederkoms van Jesus Christus, die Verlosser, die hoop van God se volk vanaf die begin van die Nuwe Testament – sedert Sy hemelvaart. Hy het gesê: *"... en as Ek gegaan en plek vir julle berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is"* (Joh. 14:3). Hierdie grootste gebeurtenis in die heilsgeskiedenis is nou uiteintlik ophande. Volgens die internasionale persberigte wag miljoene mense wêreldwyd

daarop. Daar is egter godsdienstige fanatici en hulle wat die ware bybelse geloof in oneer bring. Maar daar is ook bybel-gelowige mense wat met blydskap wag op die wederkoms van Jesus Christus. Hulle lei 'n normale lewe, is nugter, het duidelikheid en is waaragtig in hul handelinge en wandelinge.

Die beloofde wederkoms van Jesus Christus en die aangekondigde gebeure wat daarna volg, sal gebeur op die tyd bepaal deur God alleen. Maar die tekens van die tye wat ons veronderstel is om aan aandag te gee, maak dit duidelik dat die tyd naby is. 'n Tydsbepaling soos herhaaldelik in die verlede gepoog is, is God sy dank, nie moontlik nie en ook nie nodig nie.

Met die eerste koms van Christus was meer as 100 profesieë vanuit die Ou Testament vervul. Al die wesenlike besonderhede oor Hom, vanaf Sy bo-natuurlike maagdelike koms deur die Gees, van Sy geboorte in Bethlehem, van Sy bediening, van Sy lyding en Sy sterfte, opstanding en hemelvaart, was vooruitgespreek in profesieë uit die Ou Testament. Dieselfde geld ook nou vir die tydperk voor Sy wederkoms. Dit is oorweldigend om al die gepasde Skrifte te lees, wat nou ten volle uitspeel en vervul word!

Die apostel Petrus het alreeds in die gees gesien dat die wederkoms van Christus in die laaste dae bespot sou word, soos nou die geval is. Die hoof-kritici is ongelowige teoloë wat nie God se tydsberekening verstaan nie, nog minder die manier hoe die skrif vervul word. Hulle beweer, byvoorbeeld, dat die apostels verkeerd was, toe hulle praat van die wederkoms van Christus, en dat Jesus self nie sy belofte waar kon maak nie toe Hy gesê het: *“Kyk, Ek kom*

*gou*”. Die Bybel is egter so geskryf dat dit op die hele tydperk van toepassing was. Elke geskrewe woord van God kan deur die ganse genade-tyd verkondig en geglo word. Maar eers wanneer die tydstip vir 'n aangekondigde gebeurtenis werklik aanbreek, dan geskied dit.

Petrus bring hierdie kwessie tot op die punt as hy skryf: *“Dit moet julle veral weet, dat daar aan die einde van die dae spotters sal kom wat volgens hulle eie begeerlikhede wandel en sê:* ***Waar is die belofte van sy wederkoms?”*** Toe antwoord hy: *“**Die HERE vertraag nie die belofte** soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom”* (2Pet. 3: 3-9). Almal wat bestem is tot ewige lewe moet eers gelowig word (Hand. 13:48). Die spotters het egter nie veel tyd oor nie; hulle gelag en godslastering gaan omskep word in ‘n gehuil en ‘n gekners van tande. *"Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai”* (Gal. 6:7). Volgens die getuienis van die Skrif sal Christus binnekort terugkeer, soos Hy belowe het, en Sy eie opneem in die heerlikheid, voor die groot verdrukking aanbreek.

Met Sy wederkoms sal al die kinders van God wat in Christus ontslaap het – wie deelgenote van die "Eerste Opstanding" is – opgewek word en met hulle wat in Hom nog lewend sal wees, verander en opgeneem word om altyd by Hom te wees (1Thess. 4). Hulle sal Hom sien soos Hy is en verander word in Sy beeld (1Kor. 15:49; 1Joh. 3:2). Dit sal beslis gebeur, so seker soos dit in die Woord van God vooruitgespreek is.

## DIE MAJESTIEUSE SKEPPING

Die goddelike verlossingsplan begin reeds om by die skepping aanvang te neem. Ons het sekerlik elkeen die majestueuse skepping bewonder. Ongelukkig het nie almal dit logies gesien dat daar voor die skepping ‘n Skepper was nie. Dit is alom bekend hoe die mense, veral sedert die tyd van die grootste uitvindings, die skepping en die bestaan van God as onwaarskynlik beskou het. Ateïstiese filosowe het hulle teenstrydige teorieë in die afgelope eeue geloofwaardig gemaak en terselfdertyd die mense se geloof in God omvergewerp. God word ontken, en die mens word gevier. Daar word selfs beweer, dat alles net self ontstaan het. Enigiemand wat dit kan glo, kan net sowel sy eie ouers ontken en eis dat hy uit homself ontstaan het as gevolg van evolusie.

Hoe kan die heelal in sy onmeetbare uitgebreidheid, met die ontelbare sterre en die perfekte harmonie vanselfsprekend, bv., met ‘n ‘big bang’, tot stand kom? Stel jou dit voor! Tot nou toe het niemand berig dat daar hoegenaamd op die majestieuse skepping verbeter kan word nie. Dink net aan die ontelbare wesens in die wêreld se oseane, waaraan ideale lewensomstandighede toegewys is, of aan al die diere en voëls op al die kontinente en hoe perfek dit oral aangepas is vir die klimaatstoestande.

Net soos die Skepper aan die begin alles geskep het deur Sy Almagswoord, bestaan dit tot vandag nog. Sedert die skepping word die saad elke jaar gesaai en geoes, soos die HERE God dit verorden het: *“Van nou af sal al die dae van die aarde, saaityd en oestyd, koue en hitte, somer en winter, dag en nag, nie ophou nie”*

(Gen. 8:22). Dit is net daar waar die mens peuter met die natuur, dat onreëlmatighede voorkom. Daagliks word miljarde mense gevoed, en as alles behoorlik verdeel word, nodig niemand om honger te gaan op die aarde nie. Elke jaar versorg God ons en die ontelbare lewenswesens. Deur die natuur gee Hy ons 'n gedugte preek oor die lewe, dood en opstanding. Elke lente ontwaak nuwe lewe, kom nuwe vrugte voort. Dan volg die somer met die ryk oes. Die herfs kom dan waarin die blare van die bome val en die natuur sterf. Na die winterslaap kom die ontwaking en die ritmiese herhaling van die volgende lente. *"Omdat wat van God geken kan word, in hulle openbaar is, want God het dit aan hulle geopenbaar. Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid"* (Rom. 1: 19-20).

Ook die feit dat alle lewende wese volgens hul soort voortbring sal vir ewig so bly. Vandag nog word dieselfde saad gesaai wat in die skepping op die aarde vir die eerste keer na vore gekom het. Dieselfde bome groei met dieselfde vrugte, met dieselfde diere-spesies nog steeds op aarde. Ook die mens, as die kroon van die skepping, is nog steeds dieselfde as wat Adam en Eva was destyds. Hulle was kreatiewe eienskappe gegee. Dit was in die afgelope eeu oorweldigend gebruik, veral in die laaste vyftig jaar. Ons het die ontwikkeling gesien vanaf die perdekarre tot die mees gevorderde vuurpyle. Die mens kan in beginsel alles vermag wat hy wil uitvoer, soos die HERE gesê het: *"... nou sal niks vir hulle meer onmoontlik wees van wat hulle van plan is om te doen nie".* (Gen. 11:6).

Ek was veral bewus daarvan op 9 Desember 1995 toe ek die ruimte-vaarder van Apollo 16, die afgetrede Generaal Charles Duke, persoonlik ontmoet het in Berlyn en van sy maanbesoek in April 1972 gehoor het.

Maar slegs een ding kan die mens nie vermag nie, naamlik om lewe te skep. Diegene wat in evolusie glo en praat van die eerste sel, sal ons moet vertel wie lewe in daardie eerste sel geplaas het. Hier kan die vraag gestel word wie die vooruitsig van voortplanting in alle lewende wese geplaas het. Hoekom saai die ateïs nie mensgemaakte koring nie? Omdat hulle weet dat dit nie sal groei nie, want dit dra nie die kiem van die lewe nie. Die kragtige, allesomvattende majestieuse skepping behoort eintlik elke normaal-denkende persoon bewus te maak van die bestaan van die soewereine, Almagtige Skepper. As die mens nie van hom af weggedraai het nie, kon hulle Sy Woord en die skeppingsverslag wat daagliks voor ons oë gesien word, glo. God en Sy Woord bly vir ewig waar en geloofwaardig vir almal wat glo.

## TOT GEMEENSKAP MET GOD BESTEM

Volgens God se wil was die mens bestem om vanuit die staanspoor in gemeenskap met Hom te lewe. Dit is hoekom, nieteenstande van godsdiens of ras, ons die verlange het om 'n opperwese te aanbid. Almal voel op sigself 'n ondefinieerbare verlange na eerbetoon, afgesien van hoe dit beoefen word. As ‘n persoon niks godsdienstig vind, wat hy kan aanbid nie, kan dit mammon, ‘n passie, ‘n stokperdjie, sport of selfs 'n afgod wees. Hierdie diep verlange wat elke persoon, hetsy ryk of arm, in homself

op sigself dra, kan slegs deur die goddelike, blywend bevredig word.

Die gelowige Jode bid tot God, wie Homself persoonlik in die tyd van Moses as die God van Israel, met die naam *Elohim-Jahweh* (Ex. 6) aangebied het. 'n Ware Jood kan slegs in die Een en Enigste God glo, want Hy self het gesê: ***"Hoor, Israel, die HERE onse God is 'n enige Here ..."*** (Deut. 6). Ongeveer sesduisend-sewehonderd maal staan die benoeming *"God die HERE"* – *Elohim-Jahweh* in die Ou Testament.

Die Moslems aanbid ook 'n God wat hulle 'Allah' noem. Tot onlangs nog het ons, uit pure onkunde, gedink dat 'Allah' gelykstaande is aan die *Elohim* van die Bybel. Nou het ons geleer, vanuit 'n rykdom van bronne, veral uit die verskillende ensiklopedieë, dat 'Allah' die maangod van die ou Babiloniërs was ten tye van Mohammed in Arabië, die god 'wat die hele plantegroei op aarde vrugbaarheid gee'. Daarom het die godsdiens van Islam die sekelmaan as 'n teken gekies. Eers toe Mohammed al die stamme op die Arabiese Skiereiland, wat ander gode aanbid, verslaan het, het hy die god van sy stam, Allah, tot die uitsluitlike god van die skepping verklaar. Mohammed het toe monoteïsme gepreek op sy eie manier – maar nie soos in die Skrif getuig word nie. Die 'Allah' van Mohammed is dus nie die Enige God van Abraham en Moses nie. Hy is nie die God van die Bybel nie en sal ook nooit wees nie. In alle Islamitiese lande word die woord "Allah" gebruik vir "God" in die Bybels en gesangboeke en word Allah as die God van al die Christene daar aanbid. Wat 'n bedrogspul! Wat 'n tragedie – 'n

misleiding deur onkunde! Wat sal hulle nou doen, noudat die waarheid uiteindelik uit is?

Die Hindoes glo hoofsaaklik in hul drie-eenheid, bestaande uit Brahma die skepper, Vishnu, die bewaarder, en Shiva, die vernietiger en in 'n menigte ander gode en hulle glo in die leerstelling dat die mens in ‘n toekomstige lewe as 'n dier kan terugkeer en so 'n voortdurende reinigingsproses ondergaan. Die Boeddhiste glo ook in reïnkarnasie en meditasie. Hul uiteindelike doel is Nirvana – die hoogste geluk, die bevryding van Karma – die ontbinding van hul persoonlikheid, om nie meer te bestaan nie.

Soos met Hindoeïsme, Islam en alle godsdienste, soek die mens tevergeefs hier na 'n goddelike boodskap wat redding en hoop vir die ewigheid insluit. Maar, is 'n godsdiens wat nie verlossing insluit of 'n ware hoop het nie, nie 'n hopelose en skynheilige godsdiens nie? Wat saak maak, is die geopenbaarde en beproefde "wil van God" waarin mens behoort te vertrou.

Aangesien bykans die hele Christendom die dogma van "Drie-Enigheid" glo, naamlik dat daar drie goddelike persone bestaan wat van ewigheid af in die hemel is, beteken dit, streng gesproke, dat dit dat die Christendom nie ‘n monoteïstiese godsdiens is nie. Die beswaar is: "As daar drie ewige, drie almagtiges is, dan is daar nie die ewige, **Een,** Almagtige God nie". Vanuit hierdie perspektief, beteken dit dat net Judaïsme "monoteïsme", soos die Skrif ook leer, as basis het vir hul geloof. Die een God kan en het Homself op veelvuldige wyse geopenbaar. In die Ou Testament het die onsigbare God, wat Gees is, Homself as die HERE in 'n sigbare vorm geopenbaar. In die Nuwe Testa-

ment het dieselfde God Homself, vir ons verlossing, geopenbaar as Vader in die hemel en op aarde in Sy Seun, wat die HERE is. In die Ou Testament was Hy in ‘n geestelike liggaam, in die Nuwe Testament in ‘n vleeslike liggaam om, ter wille van ons verlossing, ons terug te bring as kinders van God (Gal. 4:4 o.a.).

Daar was 'n tyd toe die eerste mense in direkte gemeenskap met die HERE God in die paradys gewoon het. In hierdie oorspronklike toestand van onskuld het hulle niks geweet van lyding, pyn, siekte of dood nie. As geskapenes van die Ewige was hulle bedoel om vir ewig te lewe. Maar die HERE God het die mens toegerus met 'n vrye wil, sodat hulle hul eie besluit kon maak, betreffende die lewe of die dood. Hulle kon kies tussen goed en kwaad, gehoorsaamheid en ongehoorsaamheid, geloof en ongeloof. So is dit nog vandag met ons almal. In die begin het dit gegaan om gehoorsaamheid, waarin hulle ongelukkig gefaal het; eerste Eva, toe Adam. Sy het geluister na die argumente en die leuens van Satan in die vorm van die Slang, was mislei, het in sonde geval en ook Adam in die val ingesleep. So het die twee, deur die oortreding van God se gebod, onder die invloed van die bose gekom en moes sterf. Die HERE God het Sy dreigement uitgevoer en hulle uit die paradys verdryf. Die Verbinding met hom was afgebreek; Lyding, siekte en die dood het hulle oorval en oor die ganse mensdom gekom.

Niemand kan sy hande in onskuld was en sê: "Wat het dit met my te doen?" nie. Elke man en vrou sou dieselfde gedoen het soos Adam en Eva — ja, hulle doen dit selfs vandag nog. Ons word almal, in die vlees, in die oorspronklike sonde gebore en is dus oorgegee aan die dood.

Daarom moet ons almal, deur die Seun van God, uit die Gees verwek word om die ewige lewe te ontvang. God ken ons almal en weet dat niemand op sigself in staat is om te voldoen aan Sy gebooie en voorskrifte nie. Tog het Hy Sy verordeninge in Sy geregtigheid gegee sodat ons daarin ons oortredinge en ongehoorsaamheid kan erken. As daar geen goddelike wet was nie, kon niemand skuldig bevind word vir sy oortredinge nie en vergifnis en verlossing sou onmoontlik wees.

Ons is almal in hierdie wêreld gebore, van God geskei, het verlore geraak en daarom vereis dit verlossing en versoening met Hom. Ons gewete waarsku ons almal, selfs diegene wat nog nooit die goddelike boodskap gehoor het en nooit die Bybel gelees het nie. elkeen weet wanneer hy lieg, bedrog pleeg, steel of enigiets verbode doen. Die gewete waarsku jou onmiddelik. Almal, hetsy ryk of arm, goed of sleg, is skuldig voor God. Niemand kan sê, omdat hy nie moord of enige ander derglike misdaad gepleeg het nie, is dit nie te sleg nie. Die regverdige oordeel van God is op almal van toepassing, daarom moet almal sterf. In die lewe is niks so seker soos die dood nie. Maar dit is nie die einde nie, want daar is geskrywe: *"... net soos die mense bestem is om eenmaal te sterwe en daarna die oordeel"* (Heb. 9:27).

Deur die sondeval, was die gemeenskap met God verbreek. Maar Hy het aan ons gedink en 'n weg na Hom gemaak deur die Een wat kon sê: "*Ek is die Weg, die Waarheid en die Lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie"* (Joh. 14:6). Die HERE het na ons toe gekom in Sy onmeetbare liefde en barmhartigheid sodat ons na Hom toe kan kom.

Omdat ons in hierdie aardse liggaam skuldig was, moes Hy so 'n liggaam aanneem, as die enigste onskuldige, om die skuld van die hele mensdom, al die blaam, op Homself te neem en ons met God te versoen. Dit het gebeur in Jesus Christus, onse HERE, wie ons nooi: *“Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee”* (Matt. 11:28). Wie dit aanvaar, kan, wanneer hul laaste uur slaan, hulle gees aan Hom toevertrou en seker wees dat hy altyd dieselfde antwoord gee, selfs vandag: *“Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees”* (Luk. 23:43). Wie egter bewustelik sonder hom lewe, sal ook sonder Hom sterwe. Salig is die wat saam met Christus lewe en in Hom sterwe (Rom. 14: 7-8; Openb. 14:13).

## GOD SE BO-NATUURLIKE HANDELINGE

Die menswording van die Verlosser was 'n bo-natuurlike daad van God in hierdie wêreld. Soos almal was Maria in hierdie wêreld gebore en was ook behoeftig aan redding. Sy is net deur God gekies as die aardse houer waarin die goddelike Saad geplaas was sodat die Woord vlees kon word. Ook sy moes verlossing ervaar en was dus onder die 120 op die dag van Pinkster in die bo-vertrek van Jerusalem en het die vulling met die Heilige Gees ervaar (Hand. 1:14; Hand. 2). Volgens die getuienis van die Skrif was sy geheilig, omdat sy die belofte wat aan haar gegee was geglo het. Die Bybel ken geen seëning of saligspreking van afgestorwenes nie, net die saligverklaring van lewendes wat God se beloftes glo en die vervulling daarvan ervaar. God maak verlossing net moontlik op een manier, nl, altyd in same-

werking met die geloof in die Woord van belofte soos met Abraham.

Maria het die engel Gabriel se goddelike boodskap geglo, en gesê: *“Hier is die diensmaagd van die HERE. Laat dit met my gaan volgens u woord …”*. So het die Woord vlees geword en was die Seun van God gebore.

Net so moet elke man en vrou, wat werklik na saligheid strewe, die goddelike Heilsboodskap glo, wat God tot ons beskikking stel, en die Woord van Belofte ontvang daardeur. Slegs so kan gees-bereide, goddelike lewe deur die wedergeboorte ontstaan in sulkes. Na afloop van die bonatuurlike stigting van die nuwe-testamentiese Gemeente deur die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag, word Maria nie eenmaal weer genoem nie, tot aan die einde van die Bybel. Nog minder was sy geroep; nie Petrus, Johannes, Jakobus; nie Paulus of enige van die ander het ooit na haar verwys nie. Sy het haar taak vervul. Dit gaan oor Jesus Christus, as die enigste Verlosser, Middelaar en Voorspraakmaker. Die ‘Mariologie’ is vreemd aan die Bybel en in kontras met Jesus Christus – is dus ‘n anti-christelike teorie. Die aanbidding van die heiliges is teen God, wat alleen heilig en waardig is om aanbid te word (Joh. 4:23-24) en Sy eer deel Hy met geen ander nie (Jes. 42:8).

Jesus Christus is die HERE, wat verskyn het in vleeslike mens-vorm. Hy was absoluut heilig en sondeloos, sodat hy al ons skuld op Hom kon neem en in ons plek kon sterf. Deur Sy bloed, waarin die goddelike lewe was, het Hy versoening en vergifnis vir almal bewerkstellig. Maar dit kan net ervaar word deur diegene wat

daarin glo. Daar het 'n volledige versoening en 'n volkome verlossing van die siel, die gees en liggaam plaas-gevind. Deur Sy opstanding op die derde dag, was die werk van verlossing deur God gekroon en geldig gemaak. Dood, die hel en die duiwel is oorwin; die Opgestane Een is die ware Oorwinnaar van Golgota. Hy het na Sy opstanding veertig dae lank aan Sy eie verskyn, en het hulle oor die Koninkryk van God geleer (Hand. 1). Daarna het Hy voor hulle oë opgevaar (Luk. 24). Dit is vir alle bybelgelowiges ‘n onlosmaakbare anker. In Sy opstanding is ons opstanding gewaarborg; in Sy hemelvaart het ons die vertroue dat ons, na Hom, na die hemelse woning opgeneem sal word.

Die Almagtige God het voor die grondlegging van die wêreld Sy seuns en dogters bestem tot 'n ewige koninkryk. Die menslike versaking kan God se plan onmoontlik stuit of tot niet maak. Dit ondergaan eenvoudig net 'n tydelike, God-bewuste onderbreking. Die mensdom, wat vrywilliglik teen God kant gekies het en so hulself onderwerp het aan die heerskappy van Satan, was, sonder hul toedoen, deur die HERE self geruggekoop. Redding is 'n historiese en terselfdertyd 'n heilsgeskiedkundige feit. Deur die evangelie word die mens die blymoedige en bevryende goddelike boodskap gebring. Dit is die allesomvattende genade wat God aanbied. Die krag van die vervulde verlossing maak van mensekinders God se kinders. Wie gebore was om te sterf, word weer gebore en ontvang die ewige lewe.

Omdat die koninkryk van God 'n ewige koninkryk is, moet diegene wat daarin wil wees, die ewige lewe het. Daarom is dit nodig, soos onse HERE vereis, dat elkeen opnuut wedergebore

moet word (Joh. 3). Die saad vir hierdie geboorte is van bo, die Woord van God (Luk. 8:11). Daarin is die kiem vir die goddelike lewe. Die Heilige Gees kom oor almal wat die Woord getrou ontvang en bewerk die geestelike lewe in God se kinders (Matt. 13:38a). Deur die natuurlike verwekking het ons aardse, tydelike wesens geword – mensekinders. Deur die bonatuurlike geboorte van die Gees, is ons God se kinders. *"... want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende Woord van God wat tot in ewigheid bly"*. (1Pet. 1:23). Wie in die HERE glo as sy Verlosser op hierdie bybelse manier, kan dit persoonlik ervaar. Hierdie onvergelykbare aanbod van Gods-genade is vir alle mense wat dit wil ontvang, solank die dag van verlossing nog duur. Dit is ondenkbaar hoe verskriklik dit sal wees vir die mense wat die redding verwerp het en vir ewig van God geskei word. In die uur van die dood moet elkeen die werklikheid in die gesig staar dat die dood nie alles is nie, selfs diegene wat nie in 'n lewe glo ná die dood nie.

## Bybelse Profesie
## Het die laaste Woord

Voor ons oë word die profetiese vooruitsprekinge van die Heilige Skrif, wat vir hierdie tyd bestem is, vervul. Dit sluit in, as die duidelikste teken, die terugkeer van die kinders van Israel na die "Beloofde Land" wie se verstrooiing onder al die nasies reeds in Deuteronomium hoofstuk 4 en hoofstuk 9 vooruitgespreek was. Aan die *einde van die tyd*, moes hulle weer vergader en hervestig word in hul eie land (Jes. 14:1; Jer. 31:10; Esé. 36:24; ens). Jesus Christus het dit beklemtoon in die ge-

lykenis van die "vyeboom" – die "simbool" vir Israel (Hos. 9:10) – as 'n spesiale kenmerk van die vervalle en opgeligte Israel (Matt. 24: 32-41; Luk. 21: 24-33; o.a.).

God het die wêreld in ses dae geskape en gerus op die sewende dag (Gen. 1). Profeties gesproke, is 'n dag by God soos 'n duisend jaar. So is dit geskrywe: *"Maar laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie, geliefdes, dat een dag by die HERE soos 'n duisend jaar is en duisend jaar soos een dag"* (2Pet. 3:8). In Handelinge 2:17 praat die apostel Petrus van die "laaste dae", waarin die Heilige Gees uitgestort word, wat die ongeveer tweeduisendjaar-lange genade-tydperk behels. *"Het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun ..."* (Heb. 1:1-3, o.a.). So gewis soos ons nou die sesde millennium sedert die begin van die mens se geskiedenis agter die rug het, so seker is die "Dag van HERE" die sewende dag van God, waarmee die sewende millennium bedoel word. Die HERE God is nie afhanklik van ons kalender nie, maar ons kan te eniger tyd die aanbreek van die "laaste dag" verwag.

Volgens Openbaring 20 sal Christus met die duisendjarige Vrederyk op die aarde wees, waarna die woord verwys: *"... salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees, en sal saam met Hom as konings regeer* ***duisend jaar*** *lank"* (v.6). Na die skoonmaak proses, waardeur die wêreld verbrand word (2Pet. 3:10, ens), kom die hernuwing en word die aarde in 'n paradys omskep waar "ware vrede" seëvier en selfs die wolf en die lam saam wei (Jes. 11: 6-9). As ons kyk na die by-

belse "<u>visie van die sewende millenium</u>", die grootste keerpunt in die mensdom se geskiedenis, vind ons insiggewende beskrywings in die Bybel.

Wat die tydsberekening betref, moet ons die volk Israel, as die goddelike kalender vir hierdie profetiese era, voor oë hou. Deur die profeet Hosea bekom ons verdere besonderhede soos volg: *"Kom en laat ons terugkeer tot die HERE; want Hy het verskeur en sal ons genees, Hy het ons geslaan en sal ons verbind. Hy sal ons ná* ***twee dae*** *lewend maak,* ***op die derde Dag*** *ons laat opstaan, sodat ons voor sy aangesig kan lewe"* (hoofstuk 6: 1-2).

Die **twee** genoemde profetiese **dae** verwys duidelik na die afgelope twee duisend jaar waarin die volk van Israel sedert die jaar 70 nC in die wêreld verstrooid was. Sedert 1948, is Israel weer ‘n staat, en Jode het van regoor die wêreld daarheen terug gekeer. <u>Dit is bewys van die vervulling van die goddelike belofte</u>. Met **die derde dag,** word die duisend jaar bedoel, wanneer Israel Christus sal erken as hulle Messias en die Gees-bereide lewe van God ontvang. Die apostel Paulus het aan die hand daarvan die volgende geskryf: *“Want as hulle verwerping die versoening van die wêreld is, wat sal hulle aanneming anders wees as* ***lewe uit die dode****? ... dat die verharding ten dele oor Israel gekom het <u>totdat die volheid van die heidene ingegaan het; en so sal die hele Israel gered word, soos geskrywe is</u> …”* (Rom. 11:15 + 25-26; Jes. 59:20, onder andere).

Sodra die "**dag van heil**", waarin ons nou leef, tot 'n einde kom (Jes. 49:8; 2Cor. 6:2), sal die wêreld verskriklike toorn en plae beleef, voordat

die "**Dag van die HERE**", dws, die sewende millennium, aanbreek. In Matthéüs 24 en ander plekke verwys die HERE Jesus na verskeie gebeurtenisse wat sal plaasvind. Hy het gepraat van oorloë en gerugte van oorloë, aardbewings, hongersnode en rampe van elke soort en gesê: *“Maar al hierdie dinge is* ***‘n begin van die smarte***”. Aardbewings en alle moontlike natuurrampe sal voortgaan totdat die lang verwagte, alles-oortreffende aardbewing in Kalifornië se St. Andreas Fault, aan die weskus van die VSA, plaasvind, wat wetenskaplikes te eniger tyd verwag. ‘n Geboorte word gewoonlik voorafgegaan deur geboortepyne. Volgens Romeine 8: 19-22 sug die hele skepping en is in barendsnood. Jesus het die groot verdrukking soos volg aangekondig: *“Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie”* (Matt. 24:21).

In Lukas 21 en ook in ander gedeeltes word ons vertel wat gaan gebeur in die groot verdrukking: *“En daar sal tekens wees aan son, maan en sterre, en op die aarde benoudheid van nasies in hulle radeloosheid wanneer see en branders dreun, en mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom. Want die kragte van die hemele sal geskud word”* (verse 25-26).

Hier kan ons nie in detail gaan oor die ondenkbare katastrofiese rampe van die "apokaliptiese oordele" wat in die Skrif voorspel word en wat ná die wegneem van die "Bruidgemeente" van Jesus Christus oor die mensdom sal kom nie. God die HERE het die aarde aan die mens toegewys en hom beveel om dit

in gemeenskap met Hom en onder Sy toesig te onderhou. Geskei van God, het die mens die aarde en homself te gronde gebring. Kundiges praat besord van die lug, water en grond besoedeling, van die gevaar wat die gat in die osoon met dit bring, oor die "kweekhuis-effek" en die versnelling van die klimatiese katastrofe met die ontbinding van die osoonlaag, waardeur die sonstrale, volgens die Skrif, **sewe keer meer intens** sal wees as gewoonlik. So is daar ook geskrywe: *"... en die lig van die maan sal wees soos die lig van die son en die lig van die son sal* ***sewevoudig*** *wees, soos die lig van sewe dae ..."* (Jes. 30:26).

Die "siener" Johannes het dit só gesien op die eiland Patmos: *"En die vierde (gerigs)engel het sy skaal op* ***die son*** *uitgegooi, en daaraan was dit gegee om die mense met vuur te skroei. En die mense is geskroei met 'n groot hitte, en hulle het die Naam van God gelaster wat mag het oor hierdie plae, <u>en hulle het hul nie bekeer om Hom heerlikheid te gee nie</u>"* (Openb. 16: 8-9). Op daardie tydstip sal die "Dag van Genade en Heil" verby wees, sodat mense nie meer kan draai na God nie. Dit sal eintlik vir baie 'n vreeslike en vir ewig 'n "te laat" ontwaking wees.

Nadat die son die oppervlakte van die aarde verbrand het, sal dit verander in duisternis, <u>want dit is geskryf</u>: *"Die son sal verander word in duisternis en die maan in bloed, voordat die groot en deurlugtige dag van die HERE kom ..."* (Joël 2:31). *"En die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed; en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot boom geskud word ... <u>en die konings van die aarde, die grotes en die rykes en die owerstes</u>*

*oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge, en vir die rotse en die berge gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die Troon sit en vir die toorn van die Lam. Want die* ***groot dag van sy toorn*** *het gekom, en wie kan bestaan?"* (Openb. 6: 12-17).

Soos God, in Sy liefde en barmhartigheid, die mensdom deur die ark in Noag se tyd die moontlikheid van verlossing uit die onvermydelike vloed-ramp gegee het, wys die Woord van God daarop dat ons die aankomende oordele kán ontsnap deur in Jesus Christus ons redding te vind.

Diegene wat glo in die boodskap van Sy Evangelie en hulself voorberei, sal krag ontvang om te ontsnap uit alles wat kom en met Hom opgeneem word in heerlikheid (Luk. 21: 34-36, ens). In hierdie konteks staan die Woorde van Jesus Christus: *"En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is"* (Luk. 21:28).

Om ontmoedig te word oor dit wat kom, is nie die oplossing nie. Wat nou benodig word is nie paniek nie maar besinning en bekering. Die boodskap vandag is: "Red jou siel met haas!", want *"wat baat dit 'n mens, as hy die hele wêreld win, maar aan sy siel skade ly?".* Die genadetyd is aan die einde. Die 'countdown' het alreeds begin. Die laaste oproep van God klink soos 'n basuin. Wie nog na God wil kom, moet dit nou doen. Die volgende Bybelteks beskryf die omvang van wat voor oë is: *"Maar die dag van die HERE kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan*

*en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand. Terwyl al hierdie dinge dan vergaan, hoedanig moet julle nie wees in heilige wandel en godsvrug nie? — julle wat die koms van die dag van God verwag en verhaas, waardeur die hemele deur vuur sal vergaan en die elemente sal brand en versmelt! maar ons verwag volgens sy belofte nuwe hemel en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon"* (2Pet. 3: 10-13).

Baie skrifgedeeltes kan aangehaal word oor hierdie onderwerp. Wat lankal geskryf is, sal binnekort geskiedenis wees. Nogtans moet ons nugter en verstandig optree, en ons lewe normaal beplan, want absoluut niemand ken die tyd en uur nie. Ons moet net seker maak dat ons met God wandel en gereed is om te eniger tyd die HERE te ontmoet. Onse HERE Jesus Christus het die laaste tyd waarin ons nou leef, vergelyk met die dae van Noag en die tyd van Sodom en Gomorra (Luk. 17: 26-30). Dat dinge nou wêreldwyd in elke opsig erger is, kan niemand ontken nie. Die wêreld, wat nou afvallig van God is, hoewel steeds godsdienstig, is nou, soos dit was dan, ryp vir die oordeel. God bied eintlik beide genade – aan diegene wat skuiling soek by Hom en die verlossing van hulle siele aanvaar – én die oordeel, aan diegene wat Jesus Christus verwerp.

## DIE LAASTE ROEP

Voor die HERE Jesus terugkeer, moet die opdrag wat Hy self gegee het, vir die laaste keer wêreldwyd uitgevoer word. *"En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom"* (Matt. 24:14). Op

geen oomblik was die geleentheid groter as nou, met behulp van die massamedia, om hierdie opdrag dienooreenkomstig uit te voer nie. Dit was simbolies aan die siener Johannes gewys op die eiland Patmos in die volgende gesig: *"En ek het 'n ander engel deur die lug sien vlieg met 'n* ***ewige evangelie*** *om te verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke"* (Openb. 14:6).

Dit is genoegsaam bekend dat sedert die Hervorming nuwe, dieper geestelike ontwakings plaasgevind het, waaruit verskeie denominasies na vore gekom het. Wie in hierdie verband ingelig is weet dat daar, vroeg in die twintigste eeu, 'n kragtige geestelike werk begin het wêreldwyd, bekend as die Pinkster herlewing. Na die Tweede Wêreldoorlog was daar 'n deurbraak vir ware apostoliese prediking.

Geestelike herlewings en genesings-dienste wat in 1946 begin het en wat ek persoonlik ervaar het sedert 1949 is later ook deur die groot nasionale kerke en alle ander Christelike genootskappe aangetrek. Honderde evangeliste was geïnspireer en het hul bedieninge begin en sedertdien het evangelisasie-veldtogte wêreld-wyd plaasgevind. So het die "Full Gospel Businessmen" en allerhande charismatiese groeperinge onstaan. "Geloofsgenesing" en die gebruik van "geestelike gawes" is nie meer net toegeskryf aan Christelik-gemarginaliseerde groepe nie, maar algemeen beoefen en selfs deur die massa-media opgemerk. Tog bly die charismatici en evangeliste, formele en onafhanklike kerke in onbybelse leerstellinge en tradisies sonder om daarvan bewus te wees.

Die meeste gelowiges het al gehoor van die herlewings- en genesingsbewegings wat ná die Tweede Wêreldoorlog begin het. Tog weet baie min mense vandag hoe, wanneer en deur wie God dit begin het. In 1950 het Eerw. Gordon Lindsay van Dallas, Texas, die boek "WILLIAM BRANHAM – A MAN SENT FROM GOD" gepubliseer. Hy berig daarin dat Eerw. Branham op 7 Mei 1946 'n bonatuurlike hemelse roeping, net soos Paulus, ontvang het. So was 'n direkte sending, 'n goddelike missie van heilsgeskiedkundige belang vanaf God self gegee. Aanvanklik was dit hierdie begaafde godsman, soos Eerw. Lindsay skryf, wat op 'n ongewone wyse volgens die apostoliese patroon gebruik en bevestig was deur God. Menigtes het byeengekom soos nog nooit voorheen beleef was nie. In die laat veertigerjare het ander evangeliste ook begin met hul herlewings- en genesingsveldtogte. Die verskil tussen hierdie man van God en diegene wat later gekom het, is dat William Branham, van die begin af en tot met sy heengaan in 1965, groot waarde daaraan geheg het om by die bybelse leerstellinge te bly.

In die sogenaamnde "tweede herlewingsgolf" het elke evangelis reeds sy eie weg gegaan. Wat nou in die sogenaamde "derde herlewingsgolf" wêreldwyd gebeur, word uit die oogpunt van die Skrif eintlik beskou as 'n skandaal. Evangeliste verkondig 'n "welvarendheidsevangelie", praat van wonderwerke en tekens en spandeer meer tyd om geld in te samel as om te preek. Baie van hulle het daardeur multimiljoenêrs geword. Hul beweerde "demonstrasie van krag" het die karakter van 'n vermaaklikeids-vertoning, aangehits met bypassende

musiek. Maar by nadere ondersoek is daar niks van die goddelike wese van die Woord te bespeur nie; die ewige Evangelie word glad nie gepreek nie. Elkeen preek op sy eie manier.

Wanneer God Sy Woord aan gelowige toehoorders bevestig deur tekens en wonders, is dit nie noodwendig‘n bewys van die korrektheid van die leraar of van die evangelis nie. Miljoene mense gaan jaarliks op pelgrimstogte om wonderwerke te ervaar. Die mense drom saam in hul massas agter die wonderwerke aan. Die genesing bevestig eintlik net dat God getrou is, gebede beantwoord en aan gelowiges, Sy belofte waar maak. Die geestelike seëninge kom natuurlik op almal wat smag daarna soos geskrywe is: *“... want Hy laat sy son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdige”* (Matt. 5:45).

Volgens die woorde van onse HERE bestaan die ware en die valse langs mekaar. Die false is so na aan die ware dat hulle sê: "Hier is Christus en daar is Christus". Die HERE Jesus het ons daarteen gewaarsku met die woorde: *“Want daar sal valse christusse* (gesalfdes) *en valse profete opstaan, en hulle sal tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei”* (Mark. 13:22). In werklikheid is God net teenwoordig waar Sy Woord en Sy Gees effektiewelik werksaam is en die leringe en praktyke met die Bybel ooreenstem.

Die Woord van onse HERE verg ook op hierdie punt die nodige uitklaring: *“Aan hulle vrugte sal julle hulle ken”* (Matt. 7:16), nie aan verkrygbare geestelike gawes nie, maar aan die vrugte van die Gees (Gal. 5: 22-23), want soos dit

groei lewer dit getuienis van watter boom af dit nou eintlik is. Dit is nie die geestelike reën wat die belangrikste faktor is nie, maar die soort saad wat in die hart geleë is, waarop die reën val, want elkeen van die saadkorrels bring voort van sy soort. Beide die goeie en die slegte sade is op dieselfde akker in die wêreld. Die HERE sê, *"Laat altwee saam groei tot die oes toe"* (Matt. 13:30). Ten tye van die oes word die onkruid gebondel en verbrand en die koring bymekaar gemaak in die hemelse skuur. Dit moet ook vervul word wat die HERE gesê het: *"Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!"* (Matt. 7: 22-23).

Hoewel baie tevrede is met die feestelike atmosfeer in die vermaaklike byeenkomste en meeste in hul oorgelewerde leerstellings en tradisies bly, sal die ware opregte mense die Heilige Skrif raadpleeg vir advies en dit hul gids maak. Dit is wanneer God hulle in staat stel om deur te dring na die stand van die vroeë Gemeente. Net wie werklik soek, sal vind en vir wie klop sal geopen word en wie in die ware geloof tot aan die einde aanhou, sal gered word.

Diegene wat werklik bybels-gelowig is, streef daarna om in alle opsigte met die Heilige Skrif saam te stem. Vir hulle is die *apostoliese leringe* oor die Godheid, die doop en nagmaal, ja, al die *vroeë Christelike handelinge,* van toepassing soos dit in die begin was. Almal wat aan die Gemeente van die HERE behoort sal op

dieselfde bybelse basis, die finale werk van God en die voleindiging daarvan, op die naderende dag van Jesus Christus ervaar (Fil. 1: 6).

## DIE WEKROEP

Die dringendheid van hierdie finale uitnodiging en waarskuwing spruit uit dit wat huidiglik geskied. Niemand kan die vervulling van die baie profesieë langer ignoreer nie. Alle uitstaande bybelprofesieë word nou vervul. Die profeet Daniël was gebied: *"En jy, Daniel, hou die woorde geheim en verseël die boek tot **die tyd van die einde** toe; baie sal dit deursoek en die kennis sal vermeerder"* (Dan. 12:4). Eers wanneer die tyd vir die vervulling van 'n bybel-profesie gekom het, word ons oë daarvoor geopen.

Hierdie is stof tot nadenke; dit is 'n persoonlike saak. God het 'n deeglike en duidelike plan met die mensdom. Wonders en tekens alleen is nie bybelse maatstawwe nie. 'n 'Geestelike' atmosfeer tel nie by God nie. By Hom moet alles reg wees. Dieselfde proklamasie van die Woord moet nou, soos in die tyd van die apostels, skrifgerig en geanker in Jesus Christus wees. Almal wat God vrees moet met werklike respek die beloftes aan Christus se Gemeente vir ons tyd erken, en glo en wag op die vervulling. Voordat Christus kan terug-keer, moet alles weer bybels wees, dws, volgens die oorspronklike patroon van die vroeë Gemeente; So staan dit in Handelinge 3:21: *"Hom wat die hemel moet ontvang tot op die tye van die wederoprigting van alle dinge, waarvan God van ouds af*

*gespreek het deur die mond van al sy heilige profete".*

Die ewige lewe kan nie oorgedra word deur 'n godsdienstige handeling of Christelike instelling nie. Elkeen moet 'n persoonlike *ervaring van verlossing* met God ondervind deur geloof in Jesus Christus, die gekruisigde en opgestane Oorwinnaar. Dit is net moontlik deur geloof in die verkondiging van die evangelie en die aanvaarding van redding en vergifnis, en van die krag van God (1Kor. 1:18). Almal moet hierdie persoonlike verlossingservaring met God meemaak, tot Hom bekeer, weer gebore word (Joh. 3:6) en die versekering van verlossing belewe (Rom. 8:16) en met die Heilige Gees gevul word (Hand. 2:4, o.a.). Ons word verseël deur die Heilige Gees eers nadat ons die Woord van die waarheid ontvang (Efé. 1:13, o.a.). God versoen die mensdom, insluitend u persoonlik, met Homself in Jesus Christus, onse HERE (2Kor. 5:19). Ware geloof is dus gekoppel aan die boodskap van die Evangelie van Jesus Christus. *"Laat julle met God versoen!".*

Dit moet ook opgelet word dat daar mense is wat God in alle godsdienste sien en wie Jesus Christus met 'n godsdienstige filosoof vergelyk. Die maak regtig seer. Daar is 'n hemel-hoë verskil tussen onse HERE-en-Verlosser en alle ander godsdiens-stigters. Geloof in Hom is tegelyk ook geloof in God. Dit 'n belediging om Hom, die HERE van die Heerlikheid, met selfgeproklameerde profete te vergelyk. Alle stigters van godsdienste is saam met hul idees begrawe. Nie een van hulle het opgestaan nie. Hulle was mense net soos ons, en kon nie

hulself help nie. Hul opvolgers sal bly waar hulle is. Daar is en was altyd net Een wat kon sê: *"Ek is die weg en die waarheid en die lewe ...",* en diegene wat Hom volg, sal wees waar Hy is. <u>Slegs in Christus ontmoet God ons persoonlik; slegs in Hom kan ons God persoonlik ontmoet.</u> Daar was net Een, waardeur die hemelse Vader op aarde geopenbaar is, naamlik, deur Sy eniggebore Seun, Jesus Christus, in wie Hy ook vir ons seuns en dogters van God gemaak het. *"... deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil"* (Efé. 1:5).

Nou, aan die einde van die genadetyd, voor die wederkoms van Christus, word daar 'n bybelse, nie-georganiseerde gemeenskap van gelowiges, onder Christus as die Hoof, duidelik gekristaliseer. Die groot deurbraak na die vroeë Christelike, ongekompromeerde prediking en praktyke, wat ooreenstem met die patroon van die apostels – die "voltooiing van die Hervorming" van die Gemeente van die HERE – is naby. Soos dit in die begin was, in die apostoliese tye, so moet dit weer aan die einde ook wees. Die apostoliese insettinge is die alleen-geldige patroon voor God. Bybel dae is weer hier! Jesus Christus is dieselfde gister, vandag en tot in ewigheid. Amen.

*******

Liewe Leser,

Hopelik ontstel hierdie duidelike woorde u nie, maar laat dit u ‘n pad na die hemel sien. Saligmakende geloof is nie in 'n dooie godsdiens nie, maar by die lewende HERE, Hy wie opgestaan het, opgevaar het na die hemel en sal terugkeer. Daar is regtig net hierdie pad wat almal moet neem wat gered wil word. Diegene wat die ewige doel wil bereik, moet wegbreek van alles wat nie van goddelike oorsprong is nie, ook van die godsdienstige tradisies, en met berou na die HERE terugkeer.

Om aan 'n godsdiens deel te neem, het niks te doen met die redding van die siel en die verlossing wat alleen van God kom nie. Daar is nie 'n heilige sakrament of 'n godsdienstige daad wat ons kan red nie. Slegs in die Verlosser vind ons verlossing en slegs in die Redder vind ons redding. Want dit is geskryf: *“Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom”* (Joh. 3:36). Dit gaan oor die geloof van die individu in die enigste ware God, wat Homself aan ons in Jesus Christus geopenbaar het (Joh. 17:3).

Selfs die beste bedoelings wat mense altyd het, bring hulle nie naby God nie en is tot mislukking verdoem. Die mens is deur die geloof in Jesus Christus geregverdig voor God. Dit is 'n vrye genadegawe wat die mensdom aangebied word. U kan u besluit nou neem wat vir die ewigheid geldig sal wees. Die evangelie van Jesus Christus, onse HERE en Verlosser, sal vir u persoonlik ‘n blymoedige en vrymakende boodskap wees waarin u die invloed en mag van God sal ervaar.

Glo nóú dat die HERE Jesus u skuld gedra het en u vergewe het. Hy roep u ook om terug te

keer na die saligmakende bybelse geloof van die profete en apostels en alle waaragtige kinders van God. Niemand hoef meer te mislei of mislei te word om ewig verlore te wees nie. Almal kan die verlossing van God persoonlik ervaar en die sekerheid ontvang dat hulle deur die HERE vergewe en aanvaar is.

Probeer tog om nou, hier aan die einde van hierdie eksposisie, met God te praat in gebed. Praat met hom en glo net, dat dit wat geskrywe is, ook vir u waar is: *"... wat al jou ongeregtigheid vergewe, wat al jou krankhede genees, wat jou lewe verlos van die verderf, wat jou kroon met goedertierenheid en barmhartighede"* (Ps. 103). Wees verseker dat die oproep van die Verlosser: *"Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is … en julle sal rus vind vir julle siele"* (Matt. 11), nog steeds van toepassing is vandag, net soos die spreekwoord sê: *"en Ek sal hom wat na my toe kom, nooit verwerp nie"* (Joh. 6:37b).

*"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie"*. (Joh. 3:3). Slegs hulle wat die wedergeboorte werklik ervaar, betree die Koninkryk van God en kan hulself aan die wil van God onderwerp.

*"Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo; wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is"* (Joh. 1: 12-13). *"In wie ons die verlossing het deur sy bloed, …die vergewing van sondes"* (Kol. 1:14).

Want daar is geskrywe: *"En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegewe het, en dié lewe is in sy Seun. Hy wat die Seun het, het die*

*lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie"* (1Joh. 5: 11-12).

Mag ook 2 Korinthiërs 6:2 vir alle lesers waar word: *"In die tyd van die welbehae het Ek jou verhoor, en in die dag van heil het Ek jou gehelp … nou is dit die tyd van die welbehae … nou is die dag van heil"*.

Vandag kan die belangrikste dag van u lewe word! Hierin kon ons net 'n paar punte in kort aanraak. Vir almal wat innerlik aangespreek voel en meer wil ervaar, is daar ooreenstemmende literatuur beskikbaar wat uitsluitlik op die Skrif gebaseer is. Dit was sekerlik nie toeval nie, maar God se voorsiening dat hierdie eenvoudige traktaatjie in u hande beland het.

Ek wens u hartlik God se oorvloedige seëninge toe.

❅❅❅❅❅❅❅

Die "Freie Volksmission" is gestig in 1960. Dit is 'n Evangeliese Bybel-georiënteerde, sendingbediening. Van hier af word mense in meer as 140 lande in verskillende tale voorsien met audio-, video- en leesstof. Die verskeping is gratis, daar is geen rekeninge ingesluit nie. Die hele sendingwerk word uitsluitlik deur vrywillige skenkings gedra. Die "Freie Volksmission" is nie-winsgewend en word erken as uitsluitlik geskoei op geestelike werk.

Sendeling Ewald Frank, die skrywer van hierdie publikasie, het gereis na meer as 120 lande. Hy het in stede en lande wéreld-wyd gepreek en oor radio en televisie in alle nasies gepraat. As 'n Bybel-leraar, het hy internasionale byeenkomste vir die werk van die koninkryk van God op al die kontinente gehou.

Elke eerste Sondag van die maand is hy by die sendingstasie in sy tuisdorp, Krefeld. Tydens dié spesiale byeenkomste neem gelowiges van regoor Duitsland en vanuit die buiteland deel. Die dienste word gelyktydig vertaal in tot twaalf verskillende tale.



Hierdie foto wys die internasionale sendingstasie te Krefeld, Duitsland.
Op die 10 duisend vierkantemeter oppervlakte is die kerk-gebou, met sy meer as 600 sitplekke en die woning van die opsigter daaragter. Dan is daar ook die twee geboue met die kantore en slaap-kwartiere asook die publikasie gebou wat die drukpers huisves.

*******

*****

***

E-pos (in Engels of Duits):
volksmission@gmx.de
of: E.Frank@freie-volksmission.de
www.freie-volksmission.de

Ons plaaslike adres:

ZA
AFRIKAANS

ZA
AFRIKAANS